# Reeksvoorwoord

Die onderhawige bundel *Hymni Christiani* is die eerste publikasie in die *HTS Supplementum Reeks*. Die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* het in hierdie verband 'n besondere behoefte geïdentifiseer. Teoloë in Suid-Afrika ervaar reeds vir 'n geruime tyd die verleentheid dat uitgewers in die land om verstaanbare redes probleme ondervind om hoogstaande wetenskaplike werk op die gebied van die teologie en aanverwante dissiplines uit te gee. Die redaksie het in die lig van hierdie behoefte die voorneme in sy redaksionele beleid uitgespreek om die bestaande infrastruktuur van die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan te wend tot die voordeel van die teologiese arbeid in Suid-Afrika. Die beheerraad van die Tydskrifafdeling het hiertoe instemming en medewerking verleen. Benewens die gebruiklike Aflewerings van die *Hervormde Teologiese Studies* word daar voortaan van tyd tot tyd addisionele *Supplementa* uitgegee. Intekenare op die tydskrif sal sodoende die voordeel van bykomende publikasies ontvang. Die bedoeling van die *HTS Supplementum Reeks* is om monografieë en ander versamelwerke in verband met die teologie en wat van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit is, te publiseer. Die verskyning van die eerste Nommer in die reeks slaag uitmuntend daarin om aan dié verwagting te voldoen. Hiermee word gewig verleen aan die verwesenliking van die oorkoepelende doel om op nasionale gebied diens te lewer deur die teologiese wetenskap te bevorder en 'n eie Suid-Afrikaanse teologie uit te bou. Persone wat 'n besondere hulp in die publikasie van *Hymni Christianiu* gelewer het was Anne Barkhuizen, Piet Boshoff en Gert Pelser. Daar is groot waardering vir hulle ondersteuning.

Die hoofdirekteur van die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk, dr DJC van Wyk, en die voorsitter van die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies*, prof JP Oberholzer, word bedank vir hulle aanbeveling sodat *Hymni Christiani* in die *HTS Supplementum Reeks* opgeneem kon word. Die redakteur van dié bundel, prof JH Barkhuizen, en al die medewerkers word gelukgewens met 'n hoogstaande publikasie.

**AG van Aarde**
**Reeksredakteur**

**Desember 1989**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015